# Sonnerad

**NUUSBRIEF** VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
**NEWSLETTER** OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 42, NR 2
VOL 42, NO 2

www.savk.org

September 2025





Karoo Artists's Café, Philippolis

## Redakteursbrief

Met erfenismaand wat aangebreek het word die klem op ons kosbare kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika geplaas. Dit is gekoppel aan ons identiteit as individue, aan gemeenskappe, kulturele landskappe en vertel die storie van ons menswees. Lede van die publiek toon al hoe meer belangstelling in die bewaring van hulle erfenisgoedere, die belewing van hulle kultuur, en die herontdekking van hul wortels. Hulle vind opnuut weer waarde in hierdie tasbare en nietasbare nalatenskap. Vier hierdie unieke erfenis saam met ons in hierdie uitgawe van die Sonnerad!
Stuur gerus enige erfenisnuus aan Lizette Jansen by lizetteniemand1@gmail.com om in die *Sonnerad* geplaas te word.

## Editor's letter

With heritage month's arrival, our valuable cultural history in South Africa is emphasised. It is connected to our individual identities, to communities, cultural landscapes and tells the story of our humanity. Members of the public increasingly want to conserve their heritage, experience culture and rediscover their own roots. Once again, they find the value in our tangible and intangible legacies. Celebrate this unique heritage with us in this issue of the *Sonnerad*!
Please send any heritage news to be published in the *Sonnerad,* to Lizette Jansen at lizetteniemand1@gmail.com.

## Wat is nuus? In the news


Uit die Raad / From the Council

Lief en Leed / Love and Loss

Museum- en erfenisnuus:
- Preserving Mamelodi
- Voortrekkermonument se deure gerestoureer
- Dr. Okert Stander deel verhale van Kleinkaroo bywoners
- Eerste Afrikaanse ontsnapkamer in 'n museum
- Vereniging se lid doen navorsing op die eiland van Madagaskar
- Meningstuk: Presidensiële geskiedenis en erfenis- Noodsaaklike navorsing
- 'n Museum vir elke huis
- Gemeenskapslede maak graf van Marie Koopmans-De Wet skoon
- Beroep op SAVK-lede vir eietydse navorsingsbronne

# Uit die Raad

Die nasionale kongres van 2025 het pas in Philippolis in die Suid-Vrystaat plaasgevind. Die kultuurgeskiedenis van hierdie dorpie, die oudste in die Vrystaat, is indrukwekkend en boeiend. Ons is die naweek op verskillende maniere bekendgestel aan die geskiedenis van die dorp en sy mense – van ‘n insiggewende staptog deur die dorp wat in die pragtige kerk afgesluit is, ‘n referaat oor die digitale rekords van plase en eienaars wat ‘n verbysterende navorsingsbron is, tot by ‘n lesing oor ‘n familiebesigheid wat ‘n groot rol in die dorp se laat 20ste-eeuse geskiedenis gespeel het. Ander referate by die kongres het gedui op deeglike navorsing en die resultate lewer sonder twyfel ‘n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedskrywing. En dan is ons boonop vermaak deur die plaaslike kabaret-kunstenaar van faam – wat ‘n kongres!

Die termyn van die huidige raad verstryk in 2025 en soos gebruiklik is die uitslae van die verkiesing by die kongres bekendgemaak. Die nuwe raad neem onmiddellik die leisels oor en sal u verder op hoogte hou van verwikkelinge by die vereniging. Ek wil graag die uitgaande raad bedank vir hulle bydrae die afgelope twee jaar om die vereniging aan die gang te hou en belangrike besluite te neem. Die nuutverkose raad lyk soos volg:

Voorsitter: Prof Anton van Vollenhoven
Onder-voorsitter: Prof Matilda Burden
Addisionele lede: Prof Kobus du Pisani
Prof Francois Cleophas
Dr Vicky Heunis
Mnr Emile Coetzee
Die ampsposisies bly onveranderd.

# From the Council

The 2025 national conference recently took place in Philippolis in the Southern Free State. The cultural history of this town, the oldest in the Free State, is impressive and fascinating. We were made aware of the history of the town and its people in various ways over the weekend which included an informative walk through the town that ended inside the beautiful church, a paper on the digital records of farms and owners that is a staggering research source, to a lecture on a family business that played a major role in the town's late 20th-century history. Other papers at the conference displayed thorough research and the results undoubtedly contribute greatly to to South African cultural historiography. And then, to top it all, we were entertained by the local cabaret artist of fame – what a conference!

The term of the current board expires in 2025 and, as usual, the results of the election were announced at the conference. The new board immediately takes over the reins and will keep you informed of developments within the association. I would like to thank the outgoing board for their contribution over the past two years to keep the association going and make important decisions.

The newly elected council is:
Chairperson: Prof. Anton van Vollenhoven
Vice-Chairman: Prof. Matilda Burden
ADDITIONAL MEMBERS: Prof. Kobus du Pisani
Prof. Francois Cleophas
Dr. Vicky Heunis
Mr. Emile Coetzee
The positions of office remain unchanged.



**Prof Matilda Burden**
Uittredende **Voorsitter / Outgoing Chairperson**

## Versoek van die SAVK-argief

Lede word versoek om enige SAVK-dokumentasie, insluitend redakteursverslae van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, na die eersvolgende kongres te bring, of te skandeer en aan Astrid Schwenke te stuur ten einde dit in die SAVK se argief op te neem. Dokumente en navrae kan aan Astrid Schwenke gestuur word by astridschwenke@worldonline.co.za.

## Request from the SASCH-archive

Members are requested to submit any SASCH documentation, including editorial reports from the South African Journal of Cultural History, to the next congress, or to scan and send them to Astrid Schwenke to include them in the SASCH archive. Documents and enquiries can be sent to Astrid Schwenke at astridschwenke@worldonline.co.za.

# Foto's van die kongresgangers, Nasionale Kongres 2025
# Photographs of the National Conference attendees 2025



Kongresgangers
Conference attendees



Dorpstoer aangebied deur burgermeester Jens Friis
Town tour presented by mayor Jens Friis



Boeketafel
Booktable


Nuwe raad v.l.n.r. / New council f.l.t.r:
Matilda Burden, Anton van Vollenhoven, Vicky Heunis, Emile Coetzee, Francois Cleophas & Kobus du Pisani


Die eerste skool in Philippolis
The first school in Philippolis


Karoo-lafenis by Waterkloof brouery
Karoo-refreshment at Waterkloof brewery


Museum Transgariep

# In Memoriam

## Huldeblyk aan Mariaan Botes (1958 - 2025)

Deur Derek de Bruyn




Mariaan Botes, ’n bekende kultuurhistorikus wat langer as 35 jaar aan die Nasionale Museum te Bloemfontein verbonde was, is op 27 Junie 2025 na ’n lang siekbed oorlede. In haar professionele loopbaan wat oor vier dekades gestrek het, het Mariaan diep spore in bewaringskringe in die Vrystaat maar veral in Bloemfontein getrap. Danksy haar passie vir bewaring is talle historiese geboue in Bloemfontein nie net van sloping gered nie, maar ook gerestoureer en vir die nageslag bewaar.

Mariaan was ’n kultuurhistorikus in murg en been wat vroeg reeds in argitektuur en historiese geboue belang gestel het. Na skool is sy na die Universiteit van Pretoria waar sy die meeste van haar kwalifikasies in Kultuurgeskiedenis verwerf het. Die groot name van Kultuurgeskiedenis, waaronder Cobus Ferreira en Celestine Pretorius, was haar leermeesters. Later sou Mariaan self ’n groot naam onder kultuurhistorici word.

Mariaan se professionele loopbaan het in 1982 begin toe sy by die Vrystaatse Museumdiens en NALN as navorser aangestel is. Daar het sy onder die legendariese P.J. Nienaber gewerk. Sy passie vir museums en bewaring van ou geboue het Mariaan geïnspireer. In 1987 het Mariaan as historikus by die Nasionale Museum begin werk waar sy haar liefde vir historiese argitektuur met oorgawe kon uitleef. Sy was onder meer betrokke by die restourasie van Freshford-huismuseum in Bloemfontein en die historiese sinkhuis te Florisbad buite Bloemfontein.

Mariaan was bekend vir haar deeglike navorsing en nougesette akademiese studie. In 1993 het sy ’n Meestersgraad oor Bloemfontein se ampswonings, waaronder die Ou Presidensie, voltooi. In 2014 het sy ’n Doktorsgraad onder leiding van André Wessels en Cobus Ferreira voltooi. Haar uitstaande tesis het die SA Akademie se Protea-Boekhuisprys vir die beste geskiedenis-proefskrif in Afrikaans ontvang.

Mariaan was vrygewig met haar kennis en sy het dit graag met ander gedeel, hetsy in boeke, vakkundige artikels, lesings, praatjies en staptoere. Sy het ook vir meer as een termyn op die Vrystaatse Provinsiale Erfenishulpbronagentskap se komitees en raad gedien. As kollega was Mariaan ruimhartig, nederig en spontaan. Haar heengaan op ’n relatief jong ouderdom laat ’n groot leemte - nie net in bewaringskringe nie maar ook in die gemeenskap van Bloemfontein wat sy op verskeie maniere gedien het.

# Totsiens aan Anton Jansen (1937 - 2025)

Anton Jansen, 'n historikus en spesialis op die gebied van die restourasie van historiese geboue, is op 12 Mei 2025 op die ouderdom van 87 op sy plaas 'Belofte' oorlede.




Anton is op 28 September 1937 in Zoetemeer, Nederland gebore. Sy ouers het in 1957 na Suid-Afrika geïmmigreer. Hy en sy vrou, Gerda was vir 64 jaar getroud met vier seuns uit die huwelik, nl. Magiel, André, Roel en Hannes.

Jansen was die voormalige voorsitter van die Stigting Simon van der Stel en uitvoerende hoof van die Tshwane Gebouevereeniging. Hy was verantwoordelik vir die identifisering van verskeie strukturele skatte in Pretoria insluitend die ou leivore voor Burgerspark Hotel wat verhoed het dat die stad dit vernietig om sypaadjies te bou.

Die navorsingswerk wat uit Jansen se pen gevloei het, het lig gewerp op verskeie strukture in die Pretoria omgewing, maar ook genealogiese navorsing van die Bouwmeesters in Suid-Afrika in die publikasie wat hy saam met sy vrou aangepak het: *50 Jaar Bouwmeester in Suid-Afrika 1955 - 2005*.

Anton Jansen was nie net 'n bewaarder van kultuurhistoriese erfenisse nie, maar ook 'n danige natuurliefhebber. Hy was die stigter van die Vriende van Faerie Glen-natuurreservaat wat in 1992 tot stand gekom het. Alhoewel Anton Jansen nie 'n SAVK-lid was nie, het hy diep spore getrap in die erfenisgemeenskap.

---






# Preserving Mamelodi's History and Heritage: A Community-University Partnership

**by Hannes Engelbrecht**

A significant partnership was established between the University of Pretoria’s Mamelodi Campus and the Historical Society of Mamelodi, creating an exciting avenue to preserve and celebrate the rich narratives, history and heritage of Mamelodi. This collaborative project, launched to empower the local community and bring their stories to the forefront, incorporates several impactful components designed to foster engagement, research and education.

One of the cornerstones of this initiative is the training provided to community members in cloud-based video editing software. This training empowered participants to create and share their own digital stories, providing them with the necessary tools to visually express their lived experiences and perspectives. The stories crafted by these individuals are then uploaded to a dedicated YouTube channel, allowing for greater visibility and connection among community members and beyond.

This platform not only serves as a repository of local narratives but also acts as an avenue for cultural exchange and awareness, promoting a deeper understanding of Mamelodi’s diverse history and heritage. In conjunction with the community training, the project initiated a series of interviews with senior citizens, a vital effort to capture and document the invaluable experiences and insights of those who have witnessed the evolution of Mamelodi over the decades. These interviews created a rich audiovisual archive that preserves the wisdom and stories of the elders and fosters intergenerational dialogue, linking the past with the present in meaningful ways. Further enriching the project, secondary school learners were also incorporated into the narrative creation process. They participate by crafting their own digital narratives using the video editing tools provided during the training sessions. This inclusion encourages creativity among the youth and instils a sense of ownership over their local history. By engaging with these tools, learners gain confidence and develop critical skills that will serve them well in their academic and future professional endeavours.

Since 2023, students from the BSocSci (Hons) Heritage and Cultural Tourism program from the Department of Historical and Heritage Studies at the University of Pretoria have played an integral role in this partnership. In collaboration with members of the Historical Society, they developed innovative ArcGIS StoryMaps as part of their community engagement module. These StoryMaps address various topics such as notable figures from the community, significant historical and heritage sites, and the everyday lives of residents. The module bridges the gap between academic theory and practical application in the field of cultural history and heritage studies. Through hands-on engagement with community members and archives, students are not only honing their research, report writing, presentation and problem-solving skills but also deepening their understanding of Mamelodi’s multifaceted history and cultural landscape. This portfolio-based approach ensures that graduates are not only academically proficient but also ready to contribute meaningfully to the heritage and tourism sectors.

Additionally, the approach has the potential to foster a new generation of heritage and tourism professionals who are knowledgeable and deeply committed to the well-being of the communities they serve.

The participation of Historical Society members is crucial in this collaborative effort. They take the lead in producing their own ArcGIS StoryMaps and consult with students and researchers on aspects of the history and heritage of Mamelodi, ensuring that what is of importance to the community receives attention. Overall, this initiative not only provides a platform for community members to express their unique narratives but also fosters technological literacy among participants.

As a result, community members, academic staff and students emerged with a richer appreciation and understanding of Mamelodi's cultural landscape. The skills acquired during the project—such as communication, teamwork, and technical abilities—position participants for future success and engagement in their communities. By becoming co-creators in the ongoing narrative of their collective stories, these individuals have reaffirmed the importance of history and storytelling in empowering communities and preserving cultural heritage. Through this collaboration, the stories of Mamelodi not only continue to thrive but also resonate with a larger audience.



**Figure 1: Heritage and Cultural Tourism Hons. students and members of the Historical Society of Mamelodi working together on a StoryMap**



**Figure 2: Heritage and Cultural Tourism Hons. students conducting research at the Tshwane Heritage Research Centre**



**Figure 3: Heritage and Cultural Tourism Hons. students and UP Academic Staff on a tour of Mamelodi led by the Historical Society of Mamelodi (Solomon Mahlangu Square)**

References:

Engelbrecht, H. and Jordaan, M. (2024). Mapping Memories and Making Meaning: Community-Engaged Heritage Studies and Research. Cempellin, L. (Ed). Museum Studies for a Post-Pandemic World.

Jordaan, M. and Mennega, N. (2025). Capturing memories: An engaged research project using community digital storytelling. The International Journal of Interdisciplinary Social and Community Studies. Vol. 20 Issue 1. https://doi.org/10.18848/2324-7576/CGP/v20i01/97-111



**Figure 4: Heritage and Cultural Tourism Hons students on a tour of Mamelodi led by the Historical Society of Mamelodi (Mamelodi Rondavels)**

# Voortrekkermonument se deure gerestoureer

**deur Du Preez de Villiers**

Vir die heel eerste keer sedert die Voortrekkermonument in 1949 sy deure vir die publiek oopgemaak het, is dié historiese baken se indrukwekkende voordeure en al 12 binnedeure met sorg en respek volgens streng erfenisriglyne gerestoureer – ’n liefdeswerk wat die Monument nuwe lewe gee.

Leonie Marais, erfenisspesialis van die Erfenisstigting vertel met trots hoe die reusehoutdeure nou hul oorspronklike prag teruggekry het. “Ons het vir die eerste keer ooit die voordeure verwyder, deeglik afgeskuur en met ’n spesiaal saamgestelde chemiese mengsel behandel. Só sorg ons dat dit nie net mooi vertoon nie, maar ook vir geslagte lank behoue bly.”

’n Gespesialiseerde kontrakteur is genader om seker te maak dat elke stap volgens die korrekte metode plaasvind. Die reuseskarniere en kosyne is ook noukeurig nagegaan om te verseker dat dit die gewig van die massiewe deure met gemak kan dra.

Terwyl die herstelwerk aan die gang was, het die Heldesaal se bankies ook ’n vars laag glans gekry – ’n gepaste huldeblyk aan die plek waar helde geëer word.

Die voordeure self is indrukwekkend: elkeen is 3,5 meter hoog, 7 cm dik en 1 meter breed. Hulle word gesluit met ’n pragtige geelkoperslot en twee stewige koperstawe wat van bo tot onder in die kosyn vassteek – meesterlike vakmanskap deur die skrynwerker Izak Francois Nel, wat destyds die deure uit kiaathout vervaardig het.

Nou, met hul nuwe glans, nooi hierdie deure weer besoekers in – nie net tot binne-in die Monument nie, maar tot in die hart van ons geskiedenis.



**Die voordeure van die Voortrekkermonument na restourasie**



**‘n Bankie in die Heldesaal met ‘n binne deur sigbaar in die agtergrond na restourasie.**

# Dr. Okert Stander deel verhale van Klein Karoo-bywoners

**deur Du Preez de Villiers**

In die gees van die herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op 14 Augustus 1875, het die Erfenisstigting presies 150 jaar later, op Taaldag, ’n besondere geleentheid in die Senotaafsaal van die Voortrekkermonument aangebied.
Die aand se gasspreker, dr. Okert (Okkie) Stander, het ’n insiggewende Moerdijk-gedenklesing gelewer oor die bywoners van die Klein Karoo en hul merkwaardige vermoë om op te staan ten spyte van die talle uitdagings.



**Dr. Okert Stander lewer die Moerdijk-gedenklesing. Tydens sy lesing is foto’s en verhale van bywoners gedeel wat nog nie voorheen die lig gesien het nie.**

Stander het self in Oudtshoorn as ’n bywonerskind grootgeword en het die afgelope 15 jaar navorsing oor hierdie minder bekende, maar baie interessante stukkie Afrikaner-geskiedenis gedoen.
Stander het die storie van die bywoners verbind met dié van Gerhard Moerdijk, die argitek van die Voortrekkermonument. Moerdijk, het as kind ’n konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog oorleef, en het bo sy moeilike omstandighede uitgestyg om een van Suid-Afrika se mees ikoniese geboue te ontwerp.
“Soos Moerdijk, het die bywoners van die Klein Karoo uit armoede en teëspoed probeer opstaan, al was die pad nie maklik nie,” het dr. Stander verduidelik.
Die lesing is verryk deur ’n sangitem, “Karoonag” van Coenie de Villiers, wat die atmosfeer van die streek en sy mense treffend vasgevang het.

**Die ontstaan van die bywoners**

Stander het vertel hoe die eerste koloniste hulle in die 19de eeu in die rivierlope van die Klein Karoo gevestig het, in gebiede soos Oudtshoorn, Calitzdorp en Uniondale. Aanvanklik het hulle akkerbou bedryf, later ook volstruisboerdery. Teen 1863 het die volstruisveerbedryf begin floreer, wat tot ’n groot kloof tussen ryk en arm boere gelei het. Terwyl die gegoedes hulle plase uitgebrei en selfs boumateriaal uit Europa ingevoer het, is baie ander boere uitgedwing en talle het in armoede verval.
Natuurrampe het die situasie verder vererger. Droogtes, soos dié tussen 1914 en 1916, het mense tot uiterstes gedwing – sommige het turksvyblare gekook om te oorleef. Daarna het verwoestende vloede huise, damme, brûe, heinings en vee vernietig, met skade wat in die honderde duisende pond beloop het.

**Grond, erfreg en die verlies van onafhanklikheid**

ʼn Verdere oorsaak van verarming was sekere bepalings in die Romeins-Hollandse erfreg, wat vereis het dat plase gelykop onder kinders verdeel moes word. Dit het boerderye versplinter en onvolhoubaar gemaak. Stander het ʼn voorbeeld voorgehou van ʼn testament waarin ses kinders elk ʼn deel van ʼn plaas geërf het, maar geen reg gehad het om hul aandeel te verkoop nie.

Baie van hierdie voormalige boere het hul toevlug geneem tot togry, waar hulle produkte met donkiewaens so ver as tot in die Vrystaat verkoop het. Hierdie bedryf het egter ineengestort met die uitbreiding van spoorlyne en groot vervoerstelsels in die 1870's. Sonder ʼn inkomste het hierdie mense bywoners op ryk boere se plase geword, dikwels onder swaar en onregverdige voorwaardes.

**Sosiale en ekonomiese onreg**

As bywoners moes hulle ʼn groot deel van hul oes aan die grondeienaar afstaan, dikwels twee derdes, en die res gebruik om alle uitgawes te betaal. Hulle het geen regte of verteenwoordiging in die parlement gehad nie. Die behuising was haglik: min vertrekke, dikwels onbewoonbaar en ver van betroubare en standhoudende waterbronne.

Teen 1934 het die regering ʼn plattelandse rehabilitasie- en behuisingskema ingestel om toestande te verbeter, maar die sosiale stigma het gebly. ʼn Duidelike klasseverskil het ontstaan: bywoners is as minderwaardig beskou, hulle was nie welkom op die werf as daar kuiergaste was nie, en selfs in die kerk het hulle apart van die ryk boere gesit. Onderwys vir hul kinders was beperk tot "arm skole", afsonderlik van die gemeenskapskole.

**Voorbeelde van veerkragtigheid**

Ten spyte van hierdie hindernisse het baie bywoners daarin geslaag om hul omstandighede te oorwin. Stander het afgesluit met die inspirerende verhaal van prof. Gerhard Cloete, wat as bywoner in die Klein Karoo grootgeword het, maar later dekaan van die Fakulteit Publieke Administrasie by die Universiteit van Pretoria geword het en 60 akademiese boeke die lig laat sien het.

**Erfenis en betekenis**

Met dié Moerdijk-gedenklesing het die Erfenisstigting nie net hulde gebring aan die geskiedenis van die bywoners nie, maar ook die veerkragtige gees van die Afrikaner. In die woorde van Stander: "Ons moet hierdie verhale bewaar, want dit wys ons dat opstanding uit teëspoed deel van ons kultuurerfenis is."

Dawid Brand, bedryfshoof: beeld en groei van die Kultuurtuiste, sê die lesing is van groot belang vir die Afrikanergemeenskap omdat dit ʼn stuk geskiedenis belig wat dikwels in die skadu van groter vertellings verdwyn.

"Deur ʼn parallel te trek tussen die lewensverhaal van Gerard Moerdijk en die stryd van die bywoners, is ʼn sterk boodskap van veerkragtigheid en volharding oorgedra. Hierdie gees van aanpasbaarheid en deursettingsvermoë is vandag nog van kardinale belang vir Afrikaners wat in ʼn vinnig veranderende wêreld leef. Die lesing is ʼn spieël wat die gemeenskap herinner aan die harde werklikhede van die verlede, maar dis ook ʼn kompas wat rigting wys na waardes soos selfstandigheid, gemeenskaplike ondersteuning en moed."

Brand sê deur hierdie verhale te bewaar en te deel, versterk die Afrikaner nie net sy kultuurerfenis nie, maar vind ons ook inspirasie om vandag, soos destyds, op te staan – gewortel in ʼn trotse geskiedenis van volharding.

# Eerste Afrikaanse ontsnapkamer in ‘n museum

**deur Lizette Jansen**

Die eerste Afrikaanse ontsnapkamer wat in die museum van die Toekomsbou Museumteater geleë is, is op 4 Julie 2025 by Die Erfenisstigting (ES) se Erfenissentrum bekendgestel. Hier word die deelnemer teruggeneem in tyd, aan die einde van die Anglo-Boereoorlog in 1902 en moet binne 60 minute ‘n aantal raaisels ontsyfer om die pad terug te vind na die hede.

Hierdie interaktiewe spel is ontwikkel om besoekers, en veral die jeug, geskiedenis te leer op ‘n speelse, interaktiewe wyse. Deelnemers aan hierdie aktiwiteit leer nie net meer oor Afrikanergeskiedenis oor die laaste 120 jaar nie, maar ontwikkel ook vaardighede soos spanwerk, kommunikasie, tydsbestuur, probleemoplossing, logiese denke en oplettendheid.

Elke vertrek het ‘n ander tema gebasseer op ’n belangrike historiese gebeurtenis. Besoekers vind hulself in ‘n kerk wat die verskroeide aardebeleid oorleef het, in ‘n klaskamer te midde van die Afrikaanse taalstryd, ‘n sinkhuisie in Fordsburg tydens die Groot Depressie, in ‘n geheime vertrek van die Ossewabrandwag en so meer. So beweeg hulle van dekade tot dekade en versamel historiese legkaartstukke van die Afrikaner se herkoms.

Om meer uit te vind oor hierdie ontsnapkamer-ervaring, besoek die Erfenisstigting se webtuiste by www.es.org.za.







**Foto’s regs: Deelnemers aan die ontsnapkamer opsoek na leidrade.**

# Lid van die Vereniging doen navorsing op die eiland van Madagaskar

**deur Emile Coetzee**

Emile Coetzee, uitvoerende raadslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, het van 23 tot 29 Junie 2025 navorsing op die eiland van Madagaskar voltooi. Sy navorsingsprojek fokus op die Suid-Afrikaanse soldate wat op die eiland begrawe is.

Op 5 Mei 1942 het Suid-Afrikaanse magte, saam met Oos-Afrika en Britse magte, Madagaskar binnegeval om die Vichy-Franse regering omver te werp. Dit was deel van Operasie Ironclad en het op die strande van die noordelike kusdorpie genaamd Diego Suarez begin. Hierdie aanval was die enigste amfibiese aanval deur Suid-Afrikaanse magte tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Tien Suid-Afrikaanse soldate het nie die veldtog oorleef nie en lê in die Gemenebes Grafkommissie se begraafplaas in Diego Suarz begrawe. Coetzee het elkeen se biografie nagevors en sy hoofstuk oor hul lewensverhale word volgende jaar in ‘n boek oor die Madagaskar-veldtog gepubliseer.






**Foto: Emile Coetzee, 26 Junie 2025**



**Goewerneurshuis, Diego Suarez (Foto: Emile Coetzee, 27 Junie 2025)**

Diego Suarez is ook ‘n kultuurhistoriese pragstuk met historiese geboue wat steeds in gebruik is. Een goeie voorbeeld is die Goewerneurshuis (La Residance) wat aan die eindpunt van die hoofstraat Rue Colbert staan. Regoor die dorpie word kultuurhistoriese inligting oor die dorpie deur kennisgewingborde gedeel. Klein winkeltjies en restaurante is die verkoopspunte in die dorp met geen groot handelsmerke wat die dorp se ekonomie oorrompel het nie. Die gewone aandenkings is handgemaakte lemur figuurtjies, wat uit die Raffia palmboom gemaak word, en pakkies vanilla wat spotgoedkoop aangekoop kan word.

Vlugte na die eiland duur net twee en ‘n half uur na óf die hoofstad Antananarivo óf na Nosy Bé, ‘n vakansieoord eiland naby Diego Suarez. ‘n Verbindingsvlug van die hoofstad na Diedo Suarez is die enigste weg na laasgenoemde. Daar is geen snelweë of werkende treine nie en Madagaskar Lugdiens het tans net ATR 72 dubbel-skroef vliegtuie beskikbaar. Gelukkig is die vlug na Diedo Suarez net twee uur lank en mens vlieg laag genoeg om die landskap van Madagaskar te kan sien.

Reg rondom die hoofstad is daar nasionale parke en openbare parke waar lemurs bewaar word. Ongelukkig is die land se museum nie op internasionale standaard nie maar wel een van die min plekke ter wêreld waar verskillende lemur-spesies, veral die geheimsinnige Ai-Ai, op uitstalling is. Die eiland is ook die tuiste van die “rooi uil”. Wanneer die hoofstad besoek word, moet die koningin se paleis op die lys van besienswaardighede wees. Nie net is die paleis die eienaar van die Majungasaurus fossiel nie maar dit is ook die historiese gebou waar die laaste koningin van Madagaskar deur die Franse verdryf is, ‘n hartseer verhaal wat vandag nog diep deur die Malagassiese bevolking betreur word.



**Straattoneel in Antananarivo met die koning se paleis in die agtergrond.**
**Foto: Emile Coetzee, 27 Junie 2025**

## Meningstuk: Presidensiële geskiedenis en erfenis- Noodsaaklike navorsing

**deur Emile Coetzee**

Die navorsing van die geskiedenis van presidente en die erfenisbewaring-en bestuur van hul huise, persoonlike besittings en historiese terreine (insluitende hul grafte) is vir dekades goed aan die gang in die Verenigde State van Amerika (VSA). In 2015 het die tydskrif Time ‘n artikel geplaas wat die stelling gemaak het dat die besoekers na die Presidensiële Biblioteek en Argiewe (wat ‘n museum en monumente insluit) jaarliks ‘n groot wins vir die Amerikaanse regering skep ten spyte van die rekening van $100 miljoen om elkeen oop te hou.

Sedert 1955 het die VSA die verantwoordelikheid om vir elke Amerikaanse president ‘n Presidensiële Biblioteek en Argief te bou en vir die publiek te onderhou. Die hoop dat die president relevant sal bly deur gereelde publikasies, seminare en herdenkings word deur die personeel van hierdie erfenisterreine gekoester. Navorsers kan oor verskillende temas tydens ’n VSA-president se tydperk in die Withuis, en selfs sy volle biografie, naslaan en jaarliks nuwe insigte lewer soos wat meer bronne gedeklassifiseer word. Juis die Richard Nixon Presidensiële Biblioteek en Argief kry die meeste besoekers, aldus *Time*.

Wanneer dit by Suid-Afrika kom is daar glad nie ‘n gebrek aan presidente nie. Vanaf Hermanus Steyn tot Cyril Ramaphosa is daar ‘n interessante narratief wat wag om verder deur historici nagevors te word. Dit is dus nie vreemd dat die uitgewer Penguin Randomhouse onlangs die boek *The Presidents* uitgegee het nie. Hulle is nie die pioniers in hierdie onderneming nie, veral wanneer daar na die lys van publikasies oor die presidente van die Boere-republieke gekyk word, spesifiek Doreen Lamb se twee volumes uit die 1970s.

Steeds maak Suid-Afrika se Erfenis- en Toerisme-sektore minimale wins uit die lewensverhale van die land se presidente. Daar is selfs presidente oor wie daar geen behoorlike publikasie bestaan nie. Die navors van Suid-Afrikaane presidente se lewensverhale verg nie die aandag en aksie van ‘n enkele historikus wat ‘n nis vir hom of haarself wil skep nie. Dit verg legio historici en geskiedenis studente om Suid-Afrika op die vlak van die VSA te kry met die wete dat erfenis en publikasies oor presidente op die lang termyn winsgewend kan wees. Hoe anders kan mens dan die gewildheid verduidelik wat daar bestaan oor erfenis wat ‘n verbinding met president Paul Kruger het? Maar wat van presidente Burgers, Brand, Van Niekerk, Van Gey Pittius ensomeer?

Die Nasionale Party- (NP) regerings onder Hertzog (in die 1920s en 1930s) en vanaf Malan tot De Klerk (1948 tot 1994) het bygedra, alhoewel minimaal, tot die bewaring van presidente van die Boere-republieke. Die NP was wel selektief en het bitter min aandag gegee aan die staatspresidente in hul eie geledere. Net die Presidensiële Akker en die FW de Klerk Presidensiële Museum by die Teknorama in Vereeniging is noemenswaardig. Met die wete dat die ANC nie en nog minder die GNU-regerings verdere bydrae tot hierdie onderneming sal lewer, behalwe vir die verering van president Mandela, is dit die verantwoordelikheid van die historikus om die lewensverhale van alle Suid-Afrikaanse presidente, adjunk- (asook vise-) presidente en waarnemende presidente te bestudeer en te publiseer.

Dit impliseer elke president, al was hy aan die stuur van ‘n wegbreekrepubliek, ‘n Boererepubliek, ‘n Posseëlrepubliek, ‘n Tuisland of die Republiek van Suid-Afrika. Met al die praal wat met die presidensie vereenselwig word, is selfs kultuurhistoriese studies oor presidente, hul gades, hul wonings en glo dit of nie – hul lyfwagte as seremoniële wagte moontlik. Daar is ‘n goudmyn van moontlikhede wat wag om die aandag van 21$^{ste}$-eeuse historici en kultuurhistorici te geniet.

Hoe dan gemaak om belangstelling op voetsoolvlak te kweek? Die beste wyse om te begin is om ‘n reisgids saam te stel om vir die eerste keer ‘n behoorlike katalogus op te stel wat die tasbare erfenis van Suid-Afrika se presidensiële erfenis se liggings en betekenis aan die publiek beskikbaar maak. Daardeur kan elkeen dit maklik vind en hopelik besoek. Daarna moet ‘n reeks biografieë vir kind en volwassene (vir publiek en die akademie) volg, met ‘n uitgewer wat die winsgewendheid in so ‘n onderneming raaksien. Met die belangstelling geskep en met nuwe hulpbronne beskikbaar, kan ‘n mens sekerlik die verwagting koester van ‘n suksesvolle onderneming op die lange duur.; ‘n onderneming wat hopelik sal help om die presidensiële erfenis ‘n prioriteit te maak.

Emile Coetzee is lektor in Geskiedenis by die Noordwes-Universiteit, Mafikengkampus. Hy is ook hoof van Geskiedenis op die kampus. Hy dien tans as die voorsitter van die Heraldiekraad van Suid-Afrika en skep die inligting vir die Erfenis-slimfoontoep: Road Trip SA. Sy PhD-proefskrif handel oor die loopbaan van staatspresident C.R. Swart.

# ‘n Museum vir elke huis

**deur Lizette Jansen**

Die Erfenisstigting (ES) het onlangs ‘n aanlyn kursus bekendgestel wat dien as ‘n hulpmiddel vir individue wat privaat museums bedryf, maar nie formele museumopleiding ontvang het nie. Hierdie kursus stel die individu in staat om die tipe museum te identifiseer, stel museumkundige beginsels en basiese konserveringspraktyk uiteen, en bied strategiese bemarkingsriglyne.

"Die doel van hierdie kursus is om plaaslike gemeenskappe te bemagtig om na hulle eie erfenis om te sien. Dit is geskoei op die behoeftes van gewone mense wat graag tasbare erfenis wil bewaar," sê Lizette Jansen, bedryfshoof van die Erfenisstigting. “Die kursus gee nuttige en praktiese leiding – van die skenkingsproses tot die skep van ‘n uitstalling," voeg Jansen by.

"Erfstukke is nie net ou goed nie – materiële kultuur is gekoppel aan identiteit en nalatenskap," sê Monique Lubbe, ES-kurator. “Daarom is dit belangrik om seker te maak dat dit wat aan jou toevertrou word, vir toekomstige geslagte bewaar word.”

Die kursus is nie geakkrediteer nie maar wel onderskryf deur die Erfenisstigting. Meer inligting oor die kursus is beskikbaar by www.es.org.za.

# Gemeenskapslede maak graf van Marie Koopmans-De Wet skoon

**deur Nicolene Müller**

AfriForum se Durbanville- en Bellville-tak, die FAK en Helpende Hand het op 9 Julie saamgespan om instandhouding by die graf van Maria Koopmans-De Wet, beter bekend as Marie, te doen. Hulle het bome uitgekap, droë tuinvullis verwyder en die graf skoongemaak.

Die begraafplaas waar dit geleë is, beskik ongelukkig nie oor die fondse om die nodige opruimings- en verwyderingswerk te doen nie.

Marie Koopmans-De Wet (1834-1906) was ’n kultuurleier en kampvegter vir Afrikanerregte, asook beskermvrou van die kunste.

Sy het ’n belangrike rol gespeel tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deur onder meer petisies en vrouevergaderings te organiseer en massas noodlenigingsgoedere plaaslik en oorsee in te samel vir verspreiding onder die aangehoudenes in die Britse konsentrasiekampe. Sy het haar huis in Strandstraat, Kaapstad, beskikbaar gemaak vir die ontvangs en versending van dié goedere.

Ná die dood van Marie en haar suster, is die huis in 1914 tot ’n museum verklaar. Dit is ingerig as huismuseum om erkenning aan haar en haar familie te gee. Daar is tans egter groot onsekerheid oor die toekomstige aanwending daarvan aangesien Iziko Museums, die amptelike instelling wat daarvoor verantwoordelik is, dit ontruim het en met herbeplanning vir die aanwending daarvan besig is.

# Beroep op SAVK-lede vir eietydse navorsingsbronne

**deur Henning van Aswegen**

Tydens die navorsingsperiode vir die boeke *Spioenmeesters* en *Die Buro* het ek met groot ongemak agtergekom dat kollegas en vriende afsterf, en dus nie meer as inligtingsbronne en bronvewysings beskikbaar is nie.

Daar is ‘n groot behoefte aan navorsing, artikels, M- en D-grade, handleidings en boeke oor ons eietydse geskiedenis. Oorgenoeg is bekend van die twee Anglo-boereoorloë, maar nie genoeg akkurate geskiedskrywing vind plaas oor die periode 1961-1994 nie. Die grootste bydrae tot ons kultuur word gelewer deur mense wat hul stories vertel en skryf en so vir die nageslag bewaar. Baie min is bekend oor die ontwikkeling van politieke- en sosio-ekonomiese staatsbestuur modelle in die Suid-Afrikaanse staatsdiens, ook Afrikaanse definisies, woordomskrywings, tegniese taalvaardighede, nomenklatuur en begripsomskrywings.

My agtergrond en ondervinding is Suid-Afrika se intelligensiedienste en ek skryf daaroor, meesal in die tydskrif *Nongqai* wat sedert 1907 bestaan. Interessantheidsonthalwe kan ek noem dat Suid-Afrika se veiligheidsmagte in die jare 1961-1994 omvattende kriptografiese stelsels ontwerp het vir veilige kommunikasie tussen Suid-Afrikaanse ambassades wêreldwyd, en Pretoria. Al hierdie stelsels is in Afrikaans bedryf om ontsyfering deur vyandelike moondhede so moeilik moontlik te maak. Daaruit het omvattende terminologielyste ontwikkel wat ‘n grondige studie van semiologie, nomenklatuur en ortografie in Afrikaans vereis het.

Die les wat ek tydens die navorsing vir my boeke geleer het, is dat ons geskiedenis verlore gaan as ons dit nie skryf nie, en dat ons dit vinnig moet doen omdat diegene wat direk by hierdie periode van ons geskiedenis betrokke is besig is om af te sterf, en daarmee saam hul ondervindings, vertellinge en stories. Met die aanvang van my navorsing vir *Die Buro* vyf jaar gelede het ek onderhoude met al 23 oorblywende lede van die Buro vir Staatsveiligheid (BSV) gevoer. Met die voltooiing en publikasie van die boek hierdie jaar, is daar slegs 12 lede oor.

Mooiloop!
Henning van Aswegen

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Lizette Jansen.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za

The Secretary
SA Society for Cultural History
Po Box 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za